

3 Desember - VLEIS

Skrifgedeelte: Numeri 11:1-35 (OAV)

Fokusgedeeltes: Numeri 11:20,23,33,34 (OAV)

Heidelbergse Kategismus Sondag 42, 50

Die agtste gebod ("Jy mag nie steel nie!") en die vierde bede van die Onse Vader-gebed ("Gee ons ons daaglikse brood") staan in verband met mekaar. Die Kibrot-Hattáawa-geskiedenis is tragies. Duisende mense sterf. Nie weens hongerte nie, maar met vleis tussen hulle tande! Dit begin al by Tabéra waar die volk gekla het dat dit met hulle sleg gaan. Die HERE se toorn brand onder hulle. Ná genadesmeking koel die HERE af. Maar dan onder aanhitsing van die Egiptiese meelopers kla die volk weer: Gee vir ons vleis! Daar in Egipte het ons dit beter gehad. Die HERE sorg nie goed nie! Die HERE gee ons maar net manna om te eet. In Egipte het ons visse, komkommers, waatlemoene, prei, uie en knoffel gehad. Dis beter tye as nou! Ons stel eintlik nie meer belang in die sogenaamde Beloofde Land nie. Ons vertrou nie meer op die HERE se beloftes nie. Moses bid tot die HERE (vs 14): Hierdie volk het vir my te veel geword!

Beide die gekla van die volk en dié van Moses is soos die Onse Vader-gebed: Gee ons ons daaglikse brood. Maar daar is 'n verskil. Daarom antwoord die HERE verskillend: Vir Moses gee Hy 70 (= volheidsgetal) oudstes wat Geesvervuld vir hom sal help om die las van die volk te dra (vs 17). Vir die volk antwoord die HERE: My hand is nie te kort om julle bede te verhoor nie! Maar omdat julle gesindheid waarmee julle bid, verkeerd is en julle My verwerp het, sal julle oorfloed julle walg (vs 20) en sal julle met vleis tussen julle tande sterf (vs 33)! Met hierdie manier waarop julle vra, is julle eintlik besig om in julle gierigheid en gulsigheid die agtste gebod te oortree! Julle is onvergenoegd met dit wat Ek julle gee. In julle gierigheid wil julle meer hê as wat Ek reeds in genade vir julle gee. Julle is ondankbaar en wil nie die God agter die vleis en brood, (die versorging van elke dag) raaksien en eer nie.

En hoe is dit met jóú gesteld? Jy bid mos ook daaglik: Gee ons ons daaglikse brood. Dis reg so. God wil hê dat ons dit moet bid. Want net Hy kan en wil dit in Christus vir ons gee wat ons nodig het na liggaam en siel. Maar bid jy dit ook met vleis tussen jou tande, met 'n sondige gulsigheid en onvergenoegdheid? Bid liever saam met "Gee ons ons daaglikse brood" ook "Here, leer my om u weldade van elke dag nooit te vergeet nie!"

Sing: Psalm 103:1, 2, 3 (1936-beryming)

Ds AH Stavast (Kroonstad)